# IN DIE GRONDEISEHOF VAN SUID-AFRIKA

**RANDBURG** **SAAKOMMER:** LCC65R/99
In kamers: **GILDENHUYS R** **LANDDROSHOF-SAAKNOMMER:**8081/98

In die hersiening van die saak tussen:

**MASHOEBATHA WILLY MALOKA** Applikant

en

**JAPIE MAHLALBA EN DERTIEN ANDER** Respondente

---

**UITSPRAAK**

---

**GILDENHUYS R:**

[1] Die applikant is mede-eienaar van die plaas Weltevrede, geleë in die distrik Betlehem, in die Vrystaat. Die eerste respondent was ’n werknemer van die applikant. Hy woon saam met sy gesin, die ander respondente, op die plaas. Na die eerste respondent se ontslag het die respondente nie die plaas ontruim nie.

[2] Die applikant het ingevolge artikel 15 van die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, Wet 62 van 1997 (hierinlater “die Verblyfregwet”) by die Landdroshof van Betlehem sonder kennis aan die respondente aansoek gedoen vir ’n tussentydse bevel waarkragtens die respondente van die plaas uitgesit word. Die bevel is toegestaan, en die respondente is opgeroep om voor ’n bepaalde datum redes aan te voer waarom die bevel nie finaal gemaak moet word nie.

[3] Die respondente is ingevolge die tussentydse bevel deur die Balju van die plaas afgesit. Eers tydens die afsettingsproses is die kennisgewing van aansoek op hulle beteken. Dit was die eerste kennis wat die respondente van die aansoek gekry het.

[4] Die respondente het die bekragtiging van die uitsettingsbevel teengestaan, en die Landdros het tereg geweier om die bevel te bekragtig. Die bevel is tersyde gestel. Op daardie stadium was die respondente egter reeds van die plaas afgesit.

[5] Die stukke is aan hierdie hof vir hersiening kragtens artikel 19(3) van die Verblyfregwet gestuur. Artikel 19(3) lees soos volg:

> "19(3) 'n Uitsettingsbevel deur 'n landdroshof ingevolge hierdie Wet verleen te opsigte van verrigtinge op of voor 31 Desember 1999 ingestel is, is onderworpe aan outomatiese hersiening deur die Grondeisehof, welke hof -
>
> (a) sodanige bevel in die geheel of gedeeltelik kan bevestig;
>
> (b) sodanige bevel in die geheel of gedeeltelik tersyde kan stel;
>
> (c) sodanige bevel in die geheel of gedeeltelik kan vervang; of
>
> (d) die saak na die landdroshof kan terugverwys tesame met riglyne om met enige aangeleentheid te handel op sodanige wyse as wat die Grondeisehof goeddink. "

Aangesien die Landdros self die tussentydse bevel tersyde gestel het, bestaan daar geen geldende bevel meer wat ek in hersiening kan neem nie. Dit was dus nie nodig vir die Landdros om die saak na hierdie hof vir hersiening te stuur nie. Ek stem saam met die Landdros dat die tussentydse bevel nooit verleen moes gewees het nie. Dis ontstellend dat die bevel hoegenaamd verleen was. Sy was heeltemal reg om dit tersyde te stel.

**REGTER A GILDENHUYS**

**3 November 1999**